Literati

Inhoud

Bl. 1 Beste bonsai-lede
Bl. 2 Doen die bonsai-kwela!
Nuus oor Colin
Uitverkoping
Bl. 3 Erfenisweek
Vergadering
Fotobronne

Beste bonsai-lede,

"All hands on deck!"
Op Saterdag 26 September is almal se hulp nodig met oorplanting en om die versameling bonsai in die botaniese tuin op Stellenbosch te snoei sodat alles reg is vir die Afrika-konvensie.

Baie dankie vir almal wat hand kom bysit het by die vorige vergadering. Ons het daarin geslaag om 'n klomp bome oor te plant en verskeie se ontwerp te verbeter. Dis verbasend hoeveel bome sedert die laaste oorplanting gegroei het wat daarop dui dat ons iets reg doen.

Dit was 'n riem onder die hart om te sien hoeveel klublede kom help het. Sonder die bydrae van elke lid, is dit onmoontlik om die standaard van die versameling hoog te hou. Met die aankoms van die skenkerbome, is dit nog belangriker dat mense betrokke raak. In die proses leer on sook almal iets.

Vir beginners en ervare bonsaiers is daar altyd iets om te leer. Praktiese werk bly maar die beste. Ook is dit duidelik dat daar heelwat mense is wat nie met die

Kobus Fourie wys hoe erg hierdie bonsai al gevra het om oorgeplant te word

nuutste metodes vertroud is nie. Dus – kom werk en leer.
Daar is nog net 'n maand oor voor die groot konvensie in die stadsaal van Stellenbosch. Omdat daar daaglikse toere na die botaniese tuin gaan wees wil ons alles spoggerig laat lyk vir die besoekers wat nog nooit die versameling gesien het nie. Daarvoor het ons almal se hulp nodig.

Die registrasie vir die konvensie sluit op 8 Oktober. Die laatslapers moet dus opskud om te verseker dat hulle plek het. Die registrasiegeld is op die oomblik R1 950 vir die volle konvensie en R650 vir dagregistrasie. As jy later as die genoemde tyd registreer, gaan dit R2 150 kos en R700 per dag. Daar is besluit om 'n spertyd te stel sodat getalle vir spyseniering

en sitplekke gefinaliseer kan word om reëlings te vergemaklik.

Elke kongresganger gaan ook ‘n sak vol goed kry en as jy laat registreer, is daar ‘n moontlikheid dat jy nie dit kry nie. Ons wil nie ‘n spul goed reël en dan na die konvensie met ‘n garage vol daarvan sit nie.

Om te registreer – gaan na www.abc4.co.za/registration
Vir enige navrae oor registrasie, kontak vir Debbie by registration@ABC4.co.za

Doen die bonsai-kwela!

Therese Benade, aanbieder van die TV-program Kwêla

Op Vrydag 4 September is die Tuinverkenner in die botaniese tuin amptelik in gebruik geneem. Die rector van die universiteit, prof. Wim de Villiers, het die opening waargeneem in die Katjiepiering-restaurant waar mense meer van die stelsel geleer is.

Met die stelsel kan mense op ‘n virtuele toer van die tuin gaan en meer leer oor die verskillende bome, die geskiedenis en natuurlik die bonsais. Dit is die eerste botaniese tuin in Afrika met so ‘n stelsel wat dit baie handig maak vir mense wat navorsing doen een leerders wat take moet doen.

Met die stelsel kan jy met jou selfoon en ander mobiele tegnologie deur die versameling gaa en jou eie toer doen. Dit gaan nog ‘n rukkie neem om ‘n honderd jaar van plantrekords so digital te verwerk, maar daar is reeds in indrukwekkende basis.

Gaan probeer gerus en laat weet wat julle dink. Die adres is http://sun.gardenexplorer.org/ en jy kan meer oor die stelsel lees by http://www.sun.ac.za/english/Lists/news/DispForm.aspx?ID=2892

Kyk ook gerus op 23 September na Kwêla op KykNet wat ook die geleentheid bygewoon het. Ons verneem betroubaar hulle gaan dan ‘n insetsel daaroor uitsaai.

Nuus oor Colin

Dit gaan nie goed met Colin Welch nie. Ons ervare en gewaardeerde McGyver is Vrydag weer in die hospitaal opgeneem en sy vrou Joy sê vir my hy het baie pyn.

Ek het die laaste maand feitlik weekliks by hom ingeloer en – net soos tannie Joey – ervaar hoe mense wat bonsai beoefen ondanks kwaai lyding blymoedig bly.

Verlede week het hy van sy materiaal vir die klub aangebied. Ek sal dit in die week gaan haal en na die vergadering toe bring. Ek gaan self ‘n vyeboom haal om my altyd aan Colin te herinner wat deur die jare soveel vir die klub gedoen het.

Uitverkoping

Potter’s Yard in Houtbaai het Saterdag 26 September ‘n uitverkoping van bonsai-materiaal van 0900 tot 1200. Daar sal ook Leca, grondmengsel en ander materiaal beskikbaar wees.

Kontak Phil by 021 790 0559 of 082 557 1066 of by phil@pottersyard.co.za

Net ‘n woordjie aan diegene wat dit gaan bywoon – as ek hoor jy was daar en dat jy nie daarna kom help oorplant het nie, wag daar groot problem en waarskynlik strafmaatreëls….

Erfenisweek

Ons het ‘n sertifikaat ontvang van mnr. Conrad Sidego, burgemeester van Stellenbosch vir ons bydrae tot Erfenisweek en sy Miljoen Bome-projek.
Die hoogtepunt was ‘n geleentheid op die Braak waar skole meer kom leer het van die belang van bome.

Baie dankie aan almal wat ‘n hand kom bysit het by ons stalletjie. Dis verblydend om te sien hoeveel jong mense werklik belang stel in bonsai en bome. Nou moet ons hulle almal net kry om saam te bonsai!

Gaan kyk gerus na die munisipaliteit se webblad en registreer daar elke boom wat jy aanplant. So kan elkeen help om die droom van ‘n miljoen bome waar te maak.

Vergadering

Trek julle ou klere aan en kom help op 26 September van 0900 die oggend met die groot oorplanting in die botaniese tuin.Vele hande maak ligte werk en as almal soos met die laaste vergadering inspring, kan die versameling spoggerig vertoon wanneer die Afrika-konvensie oor ‘n maand baie besoekers lok.

Tot dan!

Willem Pretorius

Voorsitter.

Fotobronne:

Bl. 1 www.artofbonsai.org/art-of-bonsai-awards/2009/aob_038_JUNIPERO_SAN_JOSE.jpg
Bl. 1 Willem Pretorius
Bl. 2 Willem Pretorius